

‘N ALTYD TEENWOORDIGE HEILAND

Toe ‘n Skotse seun met die naam Peter een stikdonker nag in ‘n verlate grasveld verdwaal het, het God hom op sy naam geroep: “Peter!” Toe die hemelse stem weer ‘n keer uitroep, het Peter doodstil gaan staan, afgekyk, en ontdek dat hy ‘n tree weg was om af te stort by die rand van ‘n kalksteen gruisgroef.

Sou dit nie wonderlik wees as ons elkeen kon hoor hoe God ons op ons naam roep nie? Sou dit nie wonderlik wees as Hy so ‘n hegte metgesel kon wees nie – as ons werklik saam kon sit en ‘n lang gesprek kon voer oor ons beproewinge en ons drome?

1. ONBEPERKTE TOEGANG TOT JESUS

Glo dit of nie, maar ons kan nou nader aan Jesus kom al sou Hy werklik as ‘n sigbare persoon hier geleef het. Deur Christus in die vlees in ons dorp te hê sou natuurlik wonderlik wees, maar dink net aan die groot skares mense wat nader sal druk om Hom te kan sien. Dink aan almal wat op Sy tyd sal aanspraak maak. Om net ‘n paar minute in ‘n direkte gesprek met Hom te verkeer, sou die ondervinding van ‘n leeftyd wees.

Christus se wens is om ‘n persoonlike verhouding met elkeen van ons aan te knoop. Dit is een rede waarom Hy hierdie aarde verlaat het vir ‘n spesiale bediening in die hemel wat Hom sal toelaat om elke dag naby elkeen van ons te kom. Omdat Jesus nie tot een plek beperk is soos toe Hy hier op aarde was nie, is Hy deur die Heilige Gees nou naby om die lewe van elke gewillige persoon individueel te lei.

Watter bemoedigende belofte het Jesus gegee net voordat Hy in die hemel opgevaar het?

“En kyk, EK IS MET JULLE AL DIE DAE tot aan die voleinding van die wêreld.” – Matteus 28:20. (Tensy anders vermeld, word alle Skrifgedeeltes in die ONTDEK-gidse geneem uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans.)

Wat doen Christus in die hemel wat dit vir Hom moontlik maak om altyd “met ons” te wees?

“Terwyl ONS DAN ‘N GROOT HOËPRIESTER HET wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik JESUS, DIE SEUN VAN GOD, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie ‘n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.” – Hebreërs 4:14-16.

Let op die versekering wat ons het om Jesus as ons persoonlike verteenwoordiger in die hemel te hê: “Een wat in alle opsigte versoek is net soos ons.” “Met ons swakhede medelye kan hê.” “Op die regte tyd gehelp te word.” Met Jesus as ons Hoëpriester is ons nie meer afgesny van ‘n veraf hemel nie; Christus kan ons in die werklike teenwoordigheid van God inneem. Geen wonder ons word aangemoedig om “met vrymoedigheid na die troon van die genade” te gaan nie.

Watter plek beklee Jesus in die hemel?

“Maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God.” – Hebreërs 10:12.

Die lewende Christus – iemand wat verstaan – is ons persoonlike verteenwoordiger op die troon “aan die regterhand van God.”

Hoe het Jesus se lewe Hom voorberei om ons priester te wees?

“Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy BROEDERS gelyk word, sodat Hy ‘n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen. Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, KAN HY DIE HELP wat versoek word.” – Hebreërs 2:17, 18.

Ons broeder wat ons menslikheid met ons deel en wat “onder versoeking gely het” net soos ons, is nou ons Hoëpriester aan die Vader se regterhand. Omdat Hy “aan ons gelykgeword” het, weet Hy waardeur ons gaan. Hy was ook al honger, dors, versoek en uitgeput. Hy het ook al die behoefte gevoel aan simpatie en iemand wat verstaan.

Maar in die eerste plek is Jesus geregtig om ons Hoëpriester te wees omdat Hy gesterf het om versoening te doen vir ons sonde. Hy het die prys vir ons sonde betaal deur in ons plek te sterf. Dit is die Evangelie, die Goeie Nuus vir alle mense oral en vir alle tye.

Een van ons Bybelskool direkteure het hierdie ondervinding om met ons te deel: “Toe ons jongste dogter drie was, het sy haar vinger raakgeknyp in ‘n opvou stoel, en die been het sleg gebreek. Ons het met haar na ‘n dokter toe gejaag en op pad het haar harde uitroepe van die pyn regtig ons harte geraak. En dit het ons vyfjarige dogter op ‘n spesiale manier geraak. Ek sal nooit vergeet wat sy gesê het nadat die dokter haar sussie se besering versorg het nie. Sy het gesnik: “O, Pappa, ek wens dit was my vinger gewees!”

Toe die ganse mensdom platgeslaan was deur sonde en veroordeel om vir ewig te sterf, het Jesus gesê: “O, Vader, ek wens dit kon ek wees!” En die Vader het aan Jesus se wens voldoen op die kruis. Ons Heiland het elke pyn ervaar wat ons moet ly – en meer!

2. DIE EVANGELIE IN DIE OU TESTAMENT

Toe die kinders van Israel aan die voet van Sinaïberg uitgekamp het, het God Moses bevel gegee om ‘n draagbare heiligdom te bou waarin hulle kon aanbid, “volgens die voorbeeld daarvan wat jou (Moses) op die berg getoon is” (Exodus 25:40). Byna 500 jaar later het Koning Salomo se groot kliptempel die draagbare heiligdom vervang. En die tempel is gebou presies volgens dieselfde plan as die draagbare heiligdom.

Toe God aan Moses die aanwysings gegee het vir die bou van die heiligdom, watter spesifieke doel het Hy in gedagte gehad?

“Ook moet hulle vir My ‘n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon.” – Exodus 25:8.

Die sonde het ‘n tragiese verwydering tussen die mensdom en hulle Skepper veroorsaak. Die heiligdom was God se manier om te wys dat Hy weer saam met ons kan woon. Die heiligdom en later die tempel, het die middelpunt van die godsdienstige lewe en aanbidding in Ou Testamentiese tye geword. Elke oggend en elke aand het die mense rondom die heiligdom vergader en kontak met God gemaak deur gebed (Lukas 1:9, 10), en op God se belofte aanspraak gemaak: “waar Ek met jou sal saamkom” (Exodus 30:6).

Die Ou Testament verkondig dieselfde evangelieboodskap van verlossing as die Nuwe Testament. Albei beeld Jesus uit as die Een wat vir ons sterf en wat vir ons versoening doen as ons Hoëpriester in die hemelse heiligdom.

3. JESUS SE BEDIENING WORD IN DIE HEILIGDOM UITGEBEELD

Die heiligdom en sy dienste openbaar wat Jesus nou in die tempel in die hemel doen, en wat Hy nou op die aarde doen om ons elkeen in ons daaglikse lewens te verryk en te lei.

Aangesien die aardse heiligdom volgens die patroon van die tempel in die hemel gemaak is, is dit 'n beeld van die hemelse heiligdom waar Christus nou dien. Exodus 25-40 beskryf die dienste en seremonies van die wildernis heiligdom in volle besonderhede. 'n Kort opsomming van die heiligdom se meubels verskyn in die Nuwe Testament:

“So het dan die eerste verbond sowel verordeninge vir die erediens asook sy aardse heiligdom gehad. Want die tabernakel is so ingerig: die eerste, waarin die kandelaar was en die tafel en die toonbrode, wat die Heilige genoem word; en agter die tweede voorhangsel die tabernakel wat genoem word die Allerheiligste, waarin 'n goue wierookbak was en die ark van die verbond, rondom heeltemal met goud oortrek, waarin die goue kruik met die manna was en die staf van Aaron wat gebloei het, en die tafels van die verbond [waarop God die Tien Gebooe geskryf het (Deuteronomium 10:1-5)]; en daar bo-op die gerubs van die heerlijkheid wat die versoendeksel oorskadu het.” – Hebreërs 9:1-5.

Die heiligdom (of tabernakel) het twee vertrekke gehad, die Heilige en die Allerheiligste plek. Aan die voorkant van die heiligdom was daar 'n voorhof. In die voorhof het 'n koperaltaar gestaan waarop die priesters die offers geoffer het, en 'n waskom waarin hulle gewas het.

Die offers wat op die koperaltaar geoffer is het Jesus voorgestel, wat deur Sy dood aan die kruis, “die Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegneem” geword het (Johannes 1:29). Wanneer die bekeerde sondaar met sy offer na die altaar gekom het en sy sonde bely het, het hy vergifnis en reiniging ontvang. Op dieselfde manier ontvang die sondaar vandag vergifnis en reiniging deur die bloed van Jesus (1 Johannes 1:9).

In die eerste vertrek, of Heilige Plek, het die kandelaar met sewe vertakkinge, voortdurend gebrand en Jesus voorgestel as die *lig van die wêreld* (Johannes 8:12) wat nooit ophou nie. Die tafel met die toegewyde brode is 'n simbool van die feit dat Hy ons fisieke en geestelike honger stilmaak deurdat Hy die ewig-teenwoordige *Brood van die lewe* is (Johannes 6:35). Die goue reukofferaltaar stel Jesus se bediening in gebed vir ons voor waar Hy voortdurend in die teenwoordigheid van God is (Openbaring 8:3,4).

Die tweede vertrek, die Allerheiligste Plek, het die goud-bedekte ark van die verbond bevat. Dit simboliseer die troon van God. Die versoendeksel daarvan stel voor dat Christus, ons Hoëpriester, intree vir ons sondige mense wat God se morele wet oortree het. Die twee kliptafels waarop God die Tien Gebooe geskryf het, is onder die versoendeksel gehou. Goue gerubs (engele) van die heerlijkheid het aan elke kant van die ark bokant die versoendeksel gestaan. 'n Heerlike lig het tussen hierdie twee gerubs geskyn, 'n simbool van die teenwoordigheid van God self.

'n Gordyn (voorhangsel) het voor die Heilige Plek gehang sodat die mense nie na binne kon sien as die priesters in die voorhof werk nie. 'n Tweede gordyn voor die Allerheiligste Plek het hierdie binnekamer toegehou van die priesters wat in die heiligdom se eerste vertrek kon inkom.

Toe Jesus aan die kruis gesterf het, wat het met die gordyn gebeur?

“En kyk, die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur, van bo tot onder.”
– *Mattheus 27:51.*

Die Allerheiligste Plek is oopgestel toe Jesus gesterf het. Na Jesus se dood kan geen gordyn tussen 'n heilige God en 'n opregte gelowige kom nie; Jesus, ons Hoëpriester, begelei ons tot in die teenwoordigheid van God (Hebreërs 10:19-22). Ons het toegang tot die troonkamer in die hemel omdat Jesus ons Hoëpriester aan die regterhand van God is. Jesus maak dit vir ons moontlik om in God se teenwoordigheid in te kom – in die Vader se hart van liefde. Laat ons dus naderkom.

4. 'N OPENBARING VAN CHRISTUS WAT STERF OM ONS TE RED

Net soos die aardse heiligdom as 'n miniatuur weergawe van die hemelse tempel, waar Jesus nou vir ons intree, gedien het, was die dienste wat in die aardse heiligdom uitgevoer is, “'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge” (Hebreërs 8:5). Maar daar is 'n treffende verskil: Die priesters wat in die aardse tempel gedien het, kon nie self sonde vergewe nie, maar op die kruis het Jesus “eenmaal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen.” (Hebreërs 9:26).

Die boek Levitikus in die Ou Testament beskryf in besonderhede hoe die dienste in die heiligdom (tabernakel) uitgevoer moes word. Die seremoniële rituele is in twee dele verdeel: die daaglikse dienste en die jaarlikse dienste. (Gids 13 gaan meer vertel van die jaarlikse dienste.)

In die daaglikse dienste het die priester offers geoffer vir die individuele persoon en vir die hele gemeenskap. Wanneer 'n persoon sonde gedoen het, het hy 'n vlekkelose dier as 'n sonde-offer gebring en “hy moet sy hand op die kop van die sondoffer lê en die sondoffer slag op die plek van die brandoffer” (Levitikus 4:29). Die skuld van die sondaar moet oorgeplaas word op die sondelose dier deur die belydenis van sonde en deur die oplegging van hande. Dit simboliseer Christus wat ons sonde op Hom neem by die kruis van Golgota; die Sondelose word *sonde vir ons* (2 Korintiërs 5:21). Die offerdier moes doodgemaak word en sy bloed uitgiet word omdat dit vooruitgewys het na die uiterste straf wat Christus op die kruis gely het.

5. WAAROM DIE BLOED?

“Sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie” (Hebreërs 9:22). Wat plaasgevind het in die heiligdom van die Ou Testament het vooruitgewys na Christus se groot verlossingsdaad. Deur vir ons sonde te sterf, het Hy die Heilige plek binnegegaan, “met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring” vir ons (vers 12). Toe Jesus se bloed op die kruis gestort is vir ons sonde, het “die voorhangsel van die tempel [in Jerusalem] in twee geskeur, van bo tot onder” (Mattheus 27:51). As gevolg van Jesus se offer aan die kruis, was die offer van diere nie meer nodig nie.

Toe Jesus Sy bloed op die kruis uitgestort het, het Hy Sy volmaakte gehoorsame lewe geoffer as 'n plaasvervanger vir ons mislukkings. Toe die Vader en Seun van mekaar weggeskeur is op Golgota, het die Vader in smart weggedraai en die Seun het gesterf van 'n gebroke hart. God die Seun het Sy plek in die geskiedenis ingeneem deur die algehele gevolge van sonde op Hom te neem en om te demonstreer hoe tragies verkeerde daede werklik is. Hy kon toe sondaars vergewe sonder om die sonde as iets nietigs af te maak. Christus kon “vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis” (Kolossense 1:20).

6. 'N OPENBARING VAN JESUS WAT LEWE OM ONS TE RED

Wat is Jesus se daaglikse werk in die hemelse tempel?

“Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat HY ALTYD LEEF OM VIR HULLE IN TE TREE.” – Hebreërs 7:25.

Jesus *leef* nou om Sy bloed, Sy offer vir ons onthalwe, aan te bied. Hy werk nou getrou om elke mens te red van die tragedie van sonde. Party persone maak die fout om aan te neem dat Jesus in die hemel 'n trae God smeek om ons te vergewe. Om die waarheid te sê, dit is God wat vreugdevol Sy Seun se offer vir ons aanvaar.

As ons Hoëpriester in die hemel, pleit Christus ook met die mensdom. Hy werk om die ongeërgdes te help om 'n tweedemaal na genade te kyk, om wanhopige sondaars te help om hoop in die evangelie te verkry, en om gelowiges te help om die groter rykdom van die Woord van God te ontdek en meer krag in gebed. Jesus is besig om ons lewens te vorm in harmonie met God se geboorte en om ons te help om karakters te ontwikkel wat die tydtoets sal deurstaan.

God het Sy lewe gegee vir elke persoon wat nog ooit op hierdie aarde geleef het. En nou, as Hoëpriester en Bemiddelaar, *leef Hy vir altyd* om mense te lei om Sy dood vir hulle sondes te aanvaar. Alhoewel Hy die hele gevalle wêreld met Hom in versoening gebring het op die kruis, kan Hy ons nog steeds nie red nie tensy ons Sy genade aanvaar nie. Mense sal nie verlore gaan omdat hulle sondaars is nie, maar omdat hulle weier om Jesus se aanbod van vergifnis te aanvaar.

Sonde het die noue verwantskap wat Adam en Eva met God gehad het, vernietig. Maar Jesus, as die Lam van God, het gesterf om die hele mensdom van sonde te bevry en hierdie verlore vriendskap te herstel. Het jy Hom al as jou Hoëpriester ontdek? As die Een wat leef om daardie verhouding ewig naby and lewendig te hou?

Christus se soendood is waarlik uniek. Christus se hemelse bediening is onvergelykbaar. Slegs Christus bring God naby aan ons. Slegs Christus maak dit moontlik vir die goddelike Gees om werklik in ons harte te woon. Hy het Homself leeggemaak sodat ons vervul kan word. Hy verdien 'n soortgelyke toewyding van ons kant. Kom ons aanvaar Hom ten volle as die Verlosser en Meester van ons lewens.